

Hoofstuk van die dag: Jesaja 3

> *Hulle sondig openlik soos Sodom, hulle steek niks weg nie. (vers 9)*

Jesaja 3 kom uit ’n tyd in Juda se bestaan toe dit baie goed gegaan het. Baie mense het in uitspattige weelde geleef, soos

vers 16-23 uitspel. Die mense het nie net pronkerig geleef nie, maar ook sonder God. Hulle gewete was totaal toegeskroei. Die sonde het hulle nie eers gepla nie. Dat hulle rykdom ten koste van die armes ingekom het (vers 14-15), wat skynbaar in orde.
Maar God laat Hom nie so maklik eenkant toe stoot nie. As jy dink jy kan sonder God en sy gebod klaarkom, maar jy 'n baie groot fout. Daarom voorsien Jesaja 'n tyd dat die hele samelewing inplof.
Dit het inderdaad 'n eeu later gebeur toe Nebukadnesar se gevegsmag Jerusalem letterlik met die grond gelyk gemaak het en al die vooraanstaandes in ballingskap weggevoer het. Klaarblyklik het niemand wat saak maak, Jesaja se stem ernstig opgeneem nie.
Die Spreuke-digter (o.a. Spr 1:7) sê (2020-vertaling): "Ontsag vir die Here is die begin van kennis; wysheid en vermaning – net sotte verag dit." Daar is net een manier om te leef, en dit is in diepe ootmoed en ontsag voor God. Ook al dink almal om jou jy is van lotjie getik.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026